

**OPSOMMING VAN COVID-19-REGULASIES
VIR GELOFSBYEENKOMSTE**

Barend P. Uys

1. Inleiding	1
2. Opsomming van die regulasies	1
2.1. Algemene bepalings	1
2.2. Stappe wat die leierskap moet neem	1
2.3. Gesondheid- en veiligheidsmaatreëls	1
2.4. Sosiale afstandshandhawing	2
2.5. Persoonlike beskerming	2
2.6. Reinigers, ontsmettingsmiddels en ander maatreëls	2
2.7. Gesondheidsprotokolle vir kerke	2
3. Kontrolelyste vir gemeentes	3
3.1. Verantwoordelikhede van die kerkleierskap	3
3.2. Verantwoordelikhede van gemeentelede	3

1. Inleiding

Die doel van hierdie kort verslag is om 'n oorsig te bied oor COVID-19-regulasies wat geld vir geloofsbyeenkomste, asook om gemeentes van 'n kontrolelys te voorsien om dit makliker te maak vir die kerkeleierskap en gemeentelede om aan regulasies te voldoen.

2. Opsomming van die regulasies

2.1. Algemene bepalings

Die regulasies bepaal dat:

- a. geloofsbyeenkomste gehou kan word;
- b. nie meer as 50 mense 'n geloofsbyeenkoms mag bywoon nie;
- c. kerke aangemoedig word om virtuele geloofsaktiwiteite te onderneem; en
- d. geloofsbyeenkomste nie twee ure met 'n pouse van 30 minute tussen byeenkomste mag oorskry nie.

2.2. Stappe wat die kerkeleierskap moet doen

Die regulasies vereis dat die bestuur van gemeentes:

- a. moet verseker dat elke mens wat die kerkgebou betree 'n gesigmasker dra wat sowel die mond as neus bedek;
- b. 'n plan vir byeenkomste by die kerk ontwikkel wat die gestelde maatreëls insluit; en
- c. 'n protokol ontwikkel en handhaaf wat bepaal hoe hulle sal verseker dat daar nie meer as 50 mense op 'n keer sal wees in die kerkgebou of ander ruimte wat benut word nie.

2.3. Gesondheid- en veiligheidsmaatreëls

Die regulasies bepaal dat die volgende gesondheid- en veiligheidsmaatreëls geïmplementeer word:

- a. Geen persoon wat enige van die volgende simptome toon, mag toegelaat word om die gebou binne te gaan nie:
 - » koors
 - » hoes
 - » keelseer
 - » kortasem
 - » asemnood.
- b. Elke persoon wat die kerk binnegaan, moet ook verklaar of hulle enige van die volgende simptome toon:
 - » lyfseer
 - » verlies van reuk of smaak
 - » naarheid
 - » braking
 - » diarree
 - » uitputting, tamheid of moegheid.
- c. Elke persoon wat 'n geloofsbyeenkoms bywoon, is verplig om die leierskap van die geloofsaktiwiteit in kennis te stel indien enige van die bogenoemde simptome ontwikkel terwyl die persoon by die kerk is.

Indien 'n persoon een of meer van dié simptome toon, óf enige persoon óf die leierskap in kennis gestel word van iemand wat een of meer van die simptome toon, moet die leierskap die volgende stappe doen:

- a. Die persoon moenie toegelaat word om die kerkgebou binne te gaan nie.
- b. Indien die persoon reeds in die kerkgebou is, moet die persoon onmiddellik geïsoleer en bygestaan word om vervoerreëlings te tref vir 'n mediese ondersoek en toetsing, sonder dat die ander kerkgangers of die publiek aan risiko's blootgestel word.
- c. Oorweeg die moontlike oordragrisiko, ontsmet die area en verwys mense wat aan moontlike risiko's blootgestel is vir siftingstoetse. Doen enige ander toepaslike stappe om oordrag te voorkom.
- d. Bekom die volgende inligting van mense wat moontlik sedert hulle die kerkgebou binne gegaan het aan oordrag deur die geïsoleerde persoon blootgestel is:
 - i. naam
 - ii. adres
 - iii. telefoonnommer.

Enige persoon wat COVID-19-positief toets, moet onmiddellik die kerkeleierskap in kennis stel van enige geloofsaktiwiteit waaraan hulle deelgeneem het in die 14 dae wat die positiewe diagnose voorafgegaan het. **'n Persoon wat enige van die bogenoemde simptome toon, mag nie die kerk binnegaan nie.**

2.4. Sosialeafstandshandhawing

Die kerkleierskap moet verseker dat:

- a. daar geen fisieke kontak tussen mense by die kerk is nie;
- b. daar 'n minimum afstand van 1,5 meter tussen mense is;
- c. alle sosialeafstandmaatreëls en gesondheidsprotokolle deurgaans nagekom word; en
- d. sang tydens die geloofsbyeenkoms beperk word tot solo-optredes of voorafopnames.

Indien 'n geloofsaktiwiteit nie met gesigmaskers uitgevoer kan word nie, moet die afstand tussen mense tot 2,5 meter vergroot word.

2.5. Persoonlike beskerming

Die regulasies stel die volgende vereistes vir persoonlike beskerming:

- a. Die dra van gesigmaskers is verpligtend vir die duur van 'n geloofsaktiwiteit.
- b. Geen ritueel mag uitgevoer word wat persoonlike kontak vereis nie.
- c. Alle persone wat offergawes of ander skenkings tel, moet hul hande reinig voor, tydens en ná die tellery en gedurende die proses glad nie aan hul gesigte vat nie.

2.6. Reinigers, ontsmettingsmiddels en ander maatreëls

- a. Handreinigers moet 'n minimum alkoholinhoud van 70% hê, of 'n generiese alternatief met 'n soortgelyke reinigende effek.
- b. Die kerkleierskap moet verseker dat daar:
 - » genoeg handreiniger by die ingang van en binne die gebou is; en
 - » fasiliteite is om hande met seep en water te was.
- c. Elke kerkleierskap moet maatreëls in werking stel wat verseker dat:
 - » alle oppervlakte en toerusting skoongemaak word voor en ná geloofsaktiwiteite, sodat die kerk skoon kan wees voor die volgende geloofsaktiwiteit begin;
 - » toerusting, voorwerpe of boeke (soos Bybels en sangbundels) nie gedeel word nie; en
 - » alle gemeenskaplike areas soos toilette, asook deurhandvatsels, elektroniese toerusting en ander voorwerpe so gereeld moontlik gereinig word soos vereis deur die omstandighede om die verspreiding van COVID-19 te voorkom.

2.7. Gesondheidsprotokolle vir kerke

- a. Die kerkleierskap moet verseker dat die sitplekuitleg voldoen aan sosialeafstandmaatreëls.
- b. Die kerkleierskap moet 'n register byhou (wat vir 6 maande bewaar moet word) wat die volgende besonderhede bevat van elkeen wat 'n geloofsaktiwiteit bywoon:
 - i. volle name
 - ii. woonadres
 - iii. sel- of telefoonnommer en e-posadres
 - iv. kontakbesonderhede van almal wat in dieselfde woning bly as die persoon wat die aktiwiteit bywoon.
- a. Alle kerkgangers moet ingelig word van die gevare van COVID-19 en hoe dit voorkom kan word.
- b. Sosiale aktiwiteite voor en ná geloofsaktiwiteite is ontoelaatbaar.
- c. Dié maatreëls is ook van toepassing op kerke wat oop bly vir besoeke deur die publiek, gebed of berading.
- d. Geen vloeistof of ander middels mag tussen mense gedeel word nie.
- e. Mense wat ouer as 60 jaar oud is en mense met onderliggende siektetoestande word aangemoedig om godsdienste eerder tuis te beoefen.
- f. Alle begrafnisdienste wat in kerke gehou word, moet tot 50 mense beperk word, soos bepaal deur regulasies.

3. Kontrolelyste vir gemeentes

3.1. Verantwoordelikhede van die kerkleierskap

Die verantwoordelikhede van die kerkleierskap word in Tabel 1 opgesom.

Tabel 1: Verantwoordelikhede van die kerkleierskap

No.	Verantwoordelikheid	In plek?
1	'n Plan vir byeenkomste wat die maatreëls van die regulasies bevat.	
2	'n Protokol wat verseker dat nie meer as 50 mense nie 'n geloofsaktiwiteit bywoon.	
3	'n Plan en toerusting om elkeen wat van voorneme is om 'n byeenkoms by te woon vir simptome te toets.	
4	Die stappe wat gedoen sal word indien iemand tydens 'n byeenkoms simptome begin toon.	
5	'n Sitplekuitleg wat verseker dat daar aan sosialeafstandmaatreëls voldoen word.	
6	Handreiniger by ingange en elders in die gebou.	
7	Fasiliteite om hande met seep en water te was.	
8	'n Plan om ruimtes, toerusting en voorwerpe voor en ná byeenkomste skoon te maak.	
9	'n Register van kerkgangers en mense met wie hulle 'n woning deel.	
10	'n Plakkaat wat mense van die gevare van COVID-19 en die voorkoming daarvan inlig.	
11	Verseker maskers is beskikbaar vir mense wat dit moontlik vergeet.	

3.2. Verantwoordelikhede van gemeentelede

Die verantwoordelikhede van gemeentelede word in Tabel 2 opgesom.

Tabel 2: Verantwoordelikhede van gemeentelede

No.	Verantwoordelikheid
1	Bly tuis indien hulle siek voel of enige simptome toon.
2	Dra altyd 'n gesigmasker wat die neus en mond bedek.
3	Voorkom fisieke kontak met mense by die geloofsbyeenkoms.
4	Stel die kerkleierskap in kennis indien simptome tydens 'n byeenkoms ontwikkel.
5	Stel die kerkleierskap in kennis van geloofsbyeenkomste wat bygewoon is indien hulle positief vir COVID-19 toets.
6	Voorkom sosiale aktiwiteite voor en ná geloofsaktiwiteite.
7	Voorkom die deel van Bybels en sangbundels.
8	Verseker dat sosiale afstand gehandhaaf word.
9	Verskaf inligting wat benodig word aan die kerkleierskap.